

# AGTERGRONDKENNIS VIR BETER VERSTAAN VAN PAULUS SE BRIEWE EN ANDER RELEVANTE BEGINSELS

Gerrie Malan

## INLEIDENDE OPMERKINGS

In my en Martie, my wederhelf en mede-Bybelstudent, se geskifte (hetsy boeke of artikels) onderstreep ons gereeld die kritieke noodsaaklikheid om die Bybelskrifte binne die **volle en korrekte konteks** te lees en bestudeer. Word dit nie gedoen nie, is dit onvermydelik dat waninterpretasies in oorfloed sal voorkom. Ons sê dit uit eie, lewenslange ondervinding. Toe ons sowat 12 jaar gelede die Bybel opnuut begin lees het asof vir die eerste keer, is ons geskud deur die besef van ons gebrek aan kennis – en daardie besef doem as't ware nog daagliks op. 'n Mens haal nie maklik 56 jaar se leringseemtes in 12 jaar in nie.

Vandag se lewe met die gevorderde inligtingstegnologie versprei inligting, waar of vals, teen voorheen ongekeerde spoed. Die jong mense van vandag het as gevolg daarvan meer as ooit tevore talle vrae in hul gemoed. Teoloë wat hulself as “Bybelwetenskaplikes” voorhou en deesdae die wêreld besaai met aftakeling van die Bybel, as sou dit blote mites en godsdienstige volksverhale wees, of met allerlei verfilosofeerde en onware prediking, al word dit hoe opreg bedoel, help nie ons jong mense om die waarheid te vind nie. Dink net, 'n preek op die bekende televisienetwerke word binne sekondes wêreldwyd uitgedra – en dit geld vir sowel waarheid as onwaarheid! En laat ons maar eerlik

**Maak waarheid saak? Indien wel, wat is die waarheid?**

wees, die impak en invloed van charismatiese predikers wat die aandag trek en hou, speel 'n groot rol, met hul indrukwekkende prediking vol bybelse terme, uitdrukkings en verwysings. Talle vertalingsdwalinge en subjektiewe vooroordele wat so uitgedra word maak Bybelstudie nie makliker nie. **Sulke realiteite vorm die**

**hele motivering agter hierdie werkstukkie.**

Hierie geskiffie is in die eerste plek bedoel vir ons kinders en kleinkinders, asook ons vriende. (Enige ander wat dit te lese sou kry word as genadebonus beskou). Dit het dus 'n ander, meer informele aanslag as al ons boeke en artikels en word daarom ook nie so eng aan die hand van “tegniese akademiese” beginsels geskryf nie - iets wat ek gewoonlik getrou probeer toepas om beskuldigings van die misbruik van ander se gedagtes en sienswyses asof dit oorspronklik jou eie is, te voorkom. Ek gee wel aan die einde 'n lys van aanbevole bronne.

In verskeie van ons ander geskifte is soms na geleerdes verwys wat deur vorige eeue heen beklemtoon het dat die Bybel alleen reg vertolk of verstaan kan word as dit gelees word teen die agtergrond van die tyd- en kulturomgewing waarbinne dit geskryf was. Daar is inderdaad talle van hulle op rekord. Dit verstom ons hoe afwesig daardie skrywers se werke in die boekelyste en voorgeskrewe werke van Bybelskole is. Maar dan besef 'n mens dat daardie boeke nie bestaande agendas en wanvoorstelling van groot dele van die Christenwêreld met sy talle uiteenlopende denominasies en kerkgroepe ondersteun nie.



Ek gee graag hiermee twee meer onlangse standpunte in dieselfde verband (my vertaalde weergawes):

- Die behoorlike konteks waarbinne die Bybel geïnterpreteer behoort te word is die konteks van die bybelse skrywers – die konteks wat die Bybel voortgebring het. Elke ander konteks is

vreemd aan die bybelse skrywers en, daarom, aan die Bybel. Nogtans is daar 'n hardkoppige geneigdheid in die Kerkomgewing om die Bybel deur geloofsformuliere, belydenisse en voorkeure van denominasies te filtreer (Dr. Michael S. Heiser).

- Een van die grootste probleme wat vandag ten opsigte van Paulus se briewe ervaar word, is die feit dat hy dit ooglopend nie vir 'n wêreldwye leserskring (of gehoor) bedoel het nie. Nee, Paulus het persoonlike boodskappe geskryf aan mense wat hulle in spesifieke bevraagtekenbare situasies in hul geestelike wandel bevind het. Dis ook nie 'n probleem wat uniek aan Paulus se briewe is nie. Alle boeke in die Bybel [en laat ek, Gerrie, maar spesifiek byvoeg, profesieë] het hul oorspronklike teikens gehad en kan dus nie suiwer verstaan word buite die spesifieke konteks waarbinne hulle oorspronklik geskryf is nie (Dr. Eli Lizonken-Eyzenberg).

**OPMERKING: Daar is volgens rekords reeds meer as 40 000 denominasies in die wêreld as mens enkel of klein groepies “onafhanklike kerke” byreken.**



Godsdienstige tradisie het ongelukkig die mensdom se begrip sodanig gevorm en harte vasgevang, dat ons telkens wanneer ons die Bybel oopmaak, die bestaande kerkpraktyke en jare se leringe daar inlees. Soos reeds genoem, maak vertalingsleemtes in die talle Bybelweergawes ook 'n bydrae hiertoe. Hierdie besef het hom eenvoudig nou weer afgespeel toe ek sien met hoeveel verskillende Engelse woorde (en gepaardgaande verduidelikings) 'n enkele Griekse woord in Handeling 19:20 van 30 Bybelweergawes waarna ek gekyk het vertaal is. Ek sou nog soveel hierop kon uitbrei, maar ons

boekie, *Sny Die Woord Reguit*, bied basiese beginsels en verduidelikings van belang vir die gewone Bybelleser aan. Dit is gratis op ons webtuiste beskikbaar – [www.hoseaconnection.org](http://www.hoseaconnection.org). In hierdie geskryfde wil ek eerder fokus op aspekte van die wêreld en kultuur van die Nuwe Testamentskrifte. Uiteindelik is dit my behoefte om my fokusgroep te help om Skriftuurlike waarheid te identifiseer en nie mooi, dog onakkurate uitlegte nie.

**OPMERKING: Ek verwys hierbo na “gewone Bybelleser” vanweë 'n bekende Suid-Afrikaanse akademikus (oftewel “Bybelwetenskaplike”) se opmerking in 'n koerantbrief dat hulle in die akademiese wêreld darem op 'n hoër vlak van intelligensie of beredenering beweeg as ons gewone mense.**

Ek sluit graag hierdie inleiding af met die woorde van Jesus van Nasaret aan die formele geestelike leiers wat in sy tyd op aarde die Jerusalem-toneel oorheers het:

---

*So het julle [’n groep skrifgeleerdes en Fariseërs] dan die gebod van God kragteloos gemaak ter wille van julle oorlewering [oftewel tradisie] (Mattheus 15:7).*

*En Jesus antwoord en sê vir hulle [die Sadduseërs]; Is dit nie daarom dat julle dwaal dat julle die Skrifte en ook die krag van God nie ken nie? (Markus 12:24).*

---

## DIE EERSTE CHRISTUSVOLGELINGE

Soms het mens net 'n klein wenk nodig om te beseef hoe verkeerd jy die Bybel lees (of dan lees volgens wat jy uit vorige leringe of selfs wanbegrip oorgehou het in plaas van dit wat voor jou oë geskrywe staan). Vir my is hierdie so 'n onderwerp en dit was voorwaar 'n ontugtering om te beseef hoe lank na Jesus van Nasaret se kruisdood en opstanding nie-Jode eers werklik sy volgelinge begin word en onder watter moeilike kulturele omstandighede dit gebeur het.

In Handeling 2 lees ons dat JODE uit al die nasies onder die hemel (bedoelende die Romeinse Ryk) in Jerusalem teenwoordig was. Die nasies word spesifiek by hul name genoem. Dit was die tyd van die Pinksterfees. Nadat Petrus hulle toegesprek het, het omtrent drieduisend sy boodskap met blydschap aanvaar en hulle is gedoop. Later, na die steniging van Stéfanus het daar 'n groot vervolging van die (Joodse) Christusvolgelinge begin, en hulle is **verstrooi oor die streke van Judea en Samaria** (Handeling 8:1). **Let wel, hulle het dus steeds tussen Israeliete gebly.**

**OPMERKING:** In 2 Konings 17:22-23 lees ons wel dat die noordelike tien stamme van Israel, toe bekend as die koninkryk van Israel en waarvan Samaria die hoofstad was (in teenstelling met die suidelike twee stamme bekend as die koninkryk van Juda en met hoofstad Jerusalem), deur die koning van Assirië in ballingskap uit die land weggevoer is. Dit was in die jaar **722 v.C.** Die taaluitdrukking beteken egter nie dat letterlik elke individuele Israeliet weggevoer is nie. In Samaria en die noordelike gebied het steeds nog baie van hulle agtergebly en gewoon, hoewel hulle getalsgewys verswak is en daar boonop mense van ander wêrelddele na Samaria gebring is om met hulle te vermeng. Sodoende is 'n moontlike bedreiging vir die Assiriese koning uitgeskakel. Kyk byvoorbeeld Jesus se gesprek met die Samaritaanse vrou by die put – spesifiek Johannes 4:12 en 25 waarin onderskeidelik sy na haar voorvader Jakob en die komende Messias verwys. Vir Samaritaanse Israeliete was die vyf boeke van Moses as die enigste ware Skrifte.

Die **eerste 11 hoofstukke van Handeling** beskryf 'n groeiende groep **Israeliete** (ook algemeen Jode genoem) wat Jesus as die Messias aanvaar en sy volgelinge geword het – en dit kon proseliete ingesluit het, nie-Jode wat die Israelitiese geloof en lewenswyse aanvaar het en dus as volwaardige Israeliete beskou is. Let ons mooi op na die vier Evangelies se inhoud, vind ons dit beskryf hoofsaaklik interaksie tussen Jesus en die Judeërs (of Jode van Jerusalem en omliggende gebied van Judéa) en nie met nie-Jode (heidene) nie. Hy het wel soms in ander gebiede van die Jodedom gereis, soos Galilea, waar sy tuisdorp, Nasaret geleë was. Dit is egter eers gedurende die sowat twee tot drie dekades na Jesus se kruisdood en opstanding dat nie-Jode in groot getalle sy volgelinge geword het. In Handeling 10 lees ons van die gebeure met Petrus wat na sy visioen van rein en onrein diere deur die Heilige Gees gelei is om die huis van Kornelius, 'n Italiaanse leëroffisier in Cesaréa, te besoek. Die gebeure daar het gelei tot die doping van die groep nie-Joodse nuwe gelowiges in Christus. **Handeling 11:1 lui dan: “En die apostels en die broeders wat in Judéa was, het gehoor dat die heidene ook die woord van God aangeneem het.” Daar was dus nie voor Handeling 11 van Jesus-volgelinge uit die heidene sprake nie.**

Verderaan, in verse 19-20 lees ons dan dat die Jode wat na die dood van Stéfanus verstrooi is, intussen verder deur die land gegaan het tot by Fenicië, Ciprus en Antiochië. **Hulle het die woord [oor Christus] egter net aan die Jode verkondig.** Dan lees ons (in die 1933 Afrikaanse vertaling) dat Christusvolgelingen uit Ciprus en Ciréne in Antiochië aangekom het, dat hulle die evangelie van die Here Jesus aan die Grieks-sprekende Jode verkondig het (dit sou dus Israeliete kon insluit wat daar in die vreemde gebore was uit die voorgeslagte wat deur die koning van Assirië daarheen weggevoer was, asook proseliete of vreemdelinge wat as gevolg van Israeliete se teenwoordigheid die God van Israel, en met besnydenis ook hul lewenswyse aangeneem het). 'n Groot getal onder hulle het gelowig geword – bedoelende dat hulle Jesus as die geprofeteerde en verkondigde Messias aanvaar het (Handelinge 11:19-21).

Hierdie verwysing na spesifiek Griekssprekende Jode het my egter gepla en ek het dit verder ondersoek. Bestudering van dertig ander Bybelweergawes en ook verskeie gepaardgaande woordverduidelikings het my oortuig dat die fokus nie Grieks-sprekende Jode was aan wie die evangelie toe eers verkondig is nie, omdat diesulkes reeds deel was van die eerste groep aan wie die evangelie volgens vers 19 verkondig is. Die Christusvolgelingen uit Ciprus en Ciréne het inderdaad begin om die evangelie aan **Griekse heidene** (Engels: Gentiles) te bring.

Die gemeente in Jerusalem het hiervan gehoor en Barnabas gestuur "... om die land deur te gaan tot by Antiochië." Hy het daarna vir Paulus in Tarsus gaan soek en hom Antiochië toe gebring (sowat 47 n.C.). Hulle het 'n jaar lank daar gebly en 'n aansienlike groep onderrig in die Christusevangelie (Handelinge 11:22-26). Hierdie gebeure, wat die **ontstaan en ontwikkeling van 'n gemengde groep Christusvolgelingen uit Jode en nie-Jode beskryf**, het dus in die vyfde dekade n.C. plaasgevind – sowat 17 jaar na die kruisiging en opstanding van Jesus. Daarna lees ons (Handelinge 13 & 14) dat Paulus en Barnabas deur die gemeente in Antiochië na ander gebiede uitgestuur is en sowel Jode as Grieke in ander Romeinse stede gelowig geword het ten spyte van die groot teenstand wat Barnabas en Paulus oral van sowel Jode as nie-Jode (oftewel heidene) ondervind het. Uiteindelik het hulle weer teruggekeer Antiochië toe.

---

**Hierdie stukkie geskiedenis is belangrik omdat dit 'n fondasie beskryf wat belangrik is om die briewe van Paulus en die ander skrywers korrek te kan lees – asook die Openbaring.**

---

## DIE VERGADERING IN JERUSALEM

---

*En sekere persone wat van Judéa afgekom het, het die broeders geleer: As julle nie besny word volgens die gebruik van Moses nie, kan julle nie gered word nie (Handelinge 15:1).*

---

Hiermee word natuurlik aangedui dat Paulus en Barnabas nie die besnydenis op die nie-Joodse Christusvolgelingen toegepas het nie. (Ek gee verderaan meer inligting oor die status van besnydenis onder die heidene). Daar het gevolglik twis ontstaan en 'n afvaardiging is onder leiding van Paulus en Barnabas na die apostels en ouderlinge in Jerusalem gestuur in verband met hierdie vraagstuk.

Gedurende die vergadering in Jerusalem het Petrus (na aanleiding van sy belewenis by die huis van Kornelius, Handelinge 10) aangevoer dat die nie-Jode reeds die Heilige Gees en die seën van God ontvang het. God het volgens hom dus geen onderskeid tussen hulle en die heidene gemaak nie. Die

heidene se harte is gereinig deur geloof. Nadat Jakobus sy siening oor wat hulle te doen staan gelug het, was daar akkoord dat nie-Jode wat in Jesus Christus geglo het nie nodig gehad het om formele Israelse bekeerlinge deur besnydenis te word nie. Hulle kon dus die God van Israel vanuit hul identiteit as nie-Jode aanbid. (Soos ek verderaan aan die hand van Paulus se briewe aan die Galasiërs en Romeine wys, is geregtigheid wat in God gevestig is die eienskap van ware geloof). **Die opsie om volle bekering deur besnydenis te kies en volwaardig deel van die Joodse gemeenskap te word is egter nie uitgeskakel nie.**

**Ware geloof weerspieël geregtigheid wat in God gevestig is.**

Daar is wel 'n brief deur die leiersgroep in Jerusalem aan die gemeente in Antiochië gestuur dat gelowiges die volgende noodsaaklike dinge sal nakom: dat hulle hul weerhou van afgodsoffers, van bloed, van wat verwurg is en ook van hoerery.

Ek het persoonlik hierdie besluit altyd as 'n nuwe besluit beskou in die lig van Jesus se uitspraak jeens Petrus in Mattheus 16:19, dat Hy aan hom die gesag gee om dinge toe te laat en te verbied:

---

*<sup>18</sup>En Ek sê vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou (...).  
<sup>19</sup>En Ek sal jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee; en wat jy ook op die aarde mag bind [dus verbied], sal in die hemel gebonde wees, en wat jy ook op die aarde mag ontbind [dus toelaat], sal in die hemel ontbonde wees (Mattheus 16:18-19).*

---

Die waarheid is egter dat die Jerusalembesluit suiwer **bevestiging was van Ou Testamentiese (Mosaïese) bepalinge** ten opsigte van nie-Jode wat gekies het om in 'n Israelse gemeenskap te woon (my beklemtonings):

---

***GEEN AFGODE:** <sup>7</sup>En hulle mag nie meer hulle slagoffers offer aan die veldduiwels agter wie hulle aan hoereer nie. Dit moet vir hulle 'n ewige insetting wees vir hulle geslagte. <sup>8</sup>En jy moet vir hulle sê: Elkeen uit die huis van Israel en uit die vreemdelinge wat onder hulle vertoef, wat 'n brandoffer of 'n slagoffer bring, <sup>9</sup>en dit nie by die ingang van die tent van samekoms bring om dit vir die Here klaar te maak nie – dié man moet uit sy volksgenote uitgeroei word (Levitikus 17:7-9).*

***GEEN BLOED:** En elkeen uit die huis van Israel en uit die vreemdelinge wat onder hulle vertoef, wat maar enigsins bloed eet – teen die een wat bloed eet, sal Ek my aangesig rig en hom uitroei onder sy volk uit (Levitikus 17:10).*

***OOR IMMORALITEIT:** Maar julle moet my insettinge en my verordeninge onderhou en niks van al hierdie gruwels doen nie – die kind van die land of die vreemdeling wat onder julle vertoef nie (Levitikus 18:26).*

---

Daar is dus besluit dat dit voldoende en reg is as nuwe Christusvolgelingen uit die nie-Joodse nasies die **bestaande reëls nakom wat sedert Sinai gegeld het vir vreemdelinge wat onder Israelse**

**gemeenskappe vertoef.** Besnydenis was geen vereiste nie, nie in die tyd toe die oorspronklike verordeninge gegee is nie, en dus ook nie in die nuwe tydvak nie. Diegene van Israelse afkoms sou weens God se verbond voortgaan om al die Mosaïese voorskrifte na te kom.

- Die Jerusalemvergadering het waarskynlik in die jaar 49 n.C. plaasgevind – dieselfde jaar waarin Keiser Claudius die Jode uit Rome verban het.

Hierdie werklikhede het my eenvoudig net dieper onder die besef van die kritieke belangrikheid van behoorlike, korrekte konteks gebring. Dit impliseer ook dat sowel die gewone Bybelleser as die meer gefokusde Bybelstudent eenvoudig kruisverwysingsbronne getrou **moet raadpleeg** – en ek wil sterk aanbeveel dat 'n mens nie op net een sodanige bron moet staatmaak nie.

Teen hierdie agtergrond kan 'n mens dan ook duidelik verstaan hoe Paulus aan die eenkant aspekte van die evangelie wat hy verkondig het, soos die nie-besnydenis, verdedig (bv. Galasiërs 1:6) en tog aan die anderkant persoonlik sy eie Joodse kultuurfondasie in stand gehou het.

### DIE GRIEKS-ROMEINSE WÊRELD

Die wêreld van die Nuwe Testament was staatkundig of polities gesproke, bekend as die Romeinse Ryk. Dit het gestrek van Engeland af tot Afrika en van Sirië tot Spanje. Die volgende kaart illustreer hoe groot en magtig hierdie Ryk wat vanuit Rome regeer is deur 'n keiser en senaat werklik was:



Nou hoekom verwys ek dan na die Grieks-Romeinse wêreld as die voormalige Griekse Ryk lank tevore volledig deur die Romeine oorwin en in hul Ryk opgeneem is?

Die antieke Griekse beskawing (en dus kultuur) het inderwaarheid reeds in die agtste eeu voor Christus bekendheid verwerf. Hoewel die Griekse Ryk wel vanuit politieke oogpunt in 146 v.C. finaal deur die Romeine oorwin is – en die Romeinse wette daarna vir hulle gegeld het - het die eeue-oue Griekse beskawing en invloed egter dwarsdeur daardie wêreld bly voortbestaan tot aan die einde van

die sogenaamde antieke tyd. Isokrates, 'n filosoof en orator (spreker) uit die vierde/vyfde eeu n.C. het byvoorbeeld geskryf dat **Athene die leraar van stede geword en meebring het dat die naam 'Griek' nie meer as teken van 'n ras (volksgroep) beskou is nie, maar as een van intellek.** Mense

**Athene was die simbool van intellek en is as leraar van die stede beskou.**

wat in daardie kultuur opgeneem is, is ongeag hul oorspronklike volksgroep, as "Hellene" beskou, as iemand wat die taal, kultuurgebruike, tradisies en selfs aanbiddingsgebruike van die Griekse beskawing aangeneem het.

Die antieke geskiedskrywer Josefus noem dat die Griekse wysgeer Aristoteles by geleentheid 'n Judeër ontmoet het wat hom so beïndruk het, dat hy verklaar het daardie man is 'n **Griek in sowel taal as siel.**

Hierdie nuwe en breër Hellenistiese wêreld het ook die Joodse kultuur baie beïnvloed. So baie Jode was al teen 200 v.C. weens ekonomiese migrasie en nie bloot vanweë eeue tevore se ballingskappe nie, in die nuwe landskap en taal gevestig dat selfs hul voorvaders se skrifte daardeur beïnvloed is – Hebreeuse en Aramese geskrifte is in Grieks vertaal. Hierdie vertalings het weer op hul beurt belangrike invloede gehad op die antieke kulture om die Mediterreense See en verder. Die Septuagint, Griekse vertaling van die Hebreeuse Tanakh (of Ou Testament), het bygedra om die God van Israel in die destydse wêreld bekend te stel. Josefus haal ook daarvoor 'n heidense geograaf (aardrykskundige) aan wat sou gesê het dat 'n mens nie maklik enige plek in die bewoonde wêreld sou kon vind waar daar nie Jode gevestig was nie.

**OPMERKING:** Ons moet baie mooi na die konteks oplet as ons die woord 'Jode' gebruik of lees. Terwyl dit dalk meestal na afstammeling van die twaalf stamme van Israel kan verwys, is daar gevalle, soos veral soms deur Johannes in sy evangelie bedoel, waar daarmee spesifiek verwys is na Judeërs en ook selfs net die Joodse geestelike leiersgroepelite (in veral Jerusalem). Dit is soos ons byvoorbeeld sou sê, "die NG Kerk het sopas weer gesê sus of so" – dit beteken nie werklik dat die hele liggaam van alle NG lidmate so 'n uitspraak gemaak het nie, maar verwys eintlik net na die leiersgroep en hul bepalings.

**Antieke Rome se sosiale struktuur was op status gebou.** Jou herkoms, eiendom, rykdom, burgerskap en vryheid het bepaal wat jy toegelaat is om te doen en met wie jy kon assosieer. Slegs mans het amptelike burgerskap gehad en kon stem. Vroue se status is deur dié van hul vader of man bepaal. Daar was duidelike skeidslyne tussen die verskillende klasse wat streng en wetlik afgeforseer is. Lede van die verskillende klasse het selfs verskillend aangetrek en in die Colosseum het hulle in verskillende afdelings gesit. Slawe is as eiendom beskou en was op die laagste vlak. Vreemdelinge was wel Romeinse onderdane, maar moes spesiale belastings betaal en het beperkte beskerming onder die Romeinse regstelsel geniet.

## **DIE ROL VAN GODSDIENS**

Die stede van die Romeinse Ryk is deur koppeling aan verskeie gode gekenmerk. Sommige gode was groter as ander, maar alle gode was groter as die mens. Elke stad het dus op twee groepe inwoners aanspraak gemaak – mense en gode. Mense se hele lewe, tyd, ruimte en sosiale verhoudinge, is deur hul god(e) gestruktureer. (Vir die Jode was hul godsdiens ook die kern van hul daaglikse samelewing). Allerlei godsdienstige vieringe het op bepaalde tye in verskillende sentrums plaasgevind en al hierdie

sentrums (wat bv. biblioteke en museums ingesluit het) is as plekke van gewyde aanbidding beskou. Dit was prakties onmoontlik om in 'n Grieks-Romeinse stad te woon sonder om saam met die stad se gode te woon.

Efese was byvoorbeeld die wêreldbekende sentrum van Artemis-aanbidding (die Romeinse Diana en elders Cybele). Sy was die dogter van Zeus, suster van Apollo, en was die godin van die jag, diere, kindergeboorte en maagdelikheid. In sulke stede was ambagslui dikwels in gildes georganiseer – soos byvoorbeeld Efese waar Paulus gekonfronteer is deur so 'n groep wat onder aanvoering van Demetrius juis gevoel het dat Paulus se standpunte teen afgode hul welvaart bedreig (Handelinge 19:26-27).

**Mense se hele lewe en sosiale verhoudinge het om gode gewentel**

Selfs 'n persoon se herkoms was aan die gode van die stad gekoppel. Daar het 'n algemene gebruik geheers om respek vir ander se gode te betoon. Die erkenning van ander se gode was inderwaarheid ook 'n eeue-oue benadering van die Israeliete:

---

*O Here, wie is soos u onder die gode? Wie is soos U, verheerlik in heiligheid, gedug in roemryke dade, een wat wonders doen? (Exodus 15:11)*

*Want die Here is 'n grote God, ja 'n groot Koning bo al die gode (Psalm 95:3).*

---

Die verskil was egter daarin geleë dat die Israeliete hul God as die een God, 'n enige Here aanbid het (wat natuurlik weerstand in die Grieks-Romeinse wêreld uitgelok het):

---

*Hoor, Israel, die Here onse God is 'n enige Here (Deuteronomium 6:4). Die King Jamesweergawe lui, "Hear, O Israel: The LORD our GOD is one LORD."*

---

Voormelde maak die eerste sin uit in 'n tradisionele oggend- en aandgebed van die Israeliete en dit word die *Shema* genoem. Die woord '*shema*' (of *Sh'ma*) beteken om te hoor.

Die gebod "Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie," het bepaal dat die Israeliete nie die teenwoordigheid van ander gode in die Here se teenwoordigheid moes toelaat nie (Exodus 20:3). Aanvaarding dat sulke ander (af)gode sou bestaan is dus nie verbied nie, maar om hulle saam met die Here te aanbid is wel. (Hierdie besef onderstreep inderwaarheid vir my die agtergrond van die teregwysings van die sewe gemeentes in die boek van die Openbaring oor hul verval op verskillende wyses in gemengde godsdiens).

Sou iemand in die Grieks-Romeinse wêreld sy uitsluitlike lojaliteit na 'n ander god verander, is dit deur die nie-Jode as verandering van sy etnisiteit beskou, en dus die verwerping van sy voorgeslagte, sy hele familie, sy land en hul gode. Ons sien vandag nog soortgelyke reaksies in sommige godsdiensomgewings, veral teen mense wat dit waag om Christusvolgelingen te word.

Heidene het nie nodig gehad om na Jerusalem toe te gaan om die Jode se God te leer ken nie. Omdat Jode dwarsdeur die Ryk gewoon het kon heidene op verskeie maniere by sulke gemeenskappe betrokke raak en aangetrokke tot die Jode se God gemaak word. Netso kon die Jode natuurlik ook beïnvloed word deur die heidene se godsdiens. **[As mens die briewe aan die sewe gemeentes in**



die boek van Openbaring sorgvuldig binne die konteks van die onderskeie tyd- en kulturomgewings bestudeer, kan jy verstaan dat die goue draad van besware teen die gemeentes juis te doen gehad het met vermengde godsdien, ook genoem sinkretisme]. Verstaan mens die vermengde godsdiensoomstandighede in daardie omgewings, is dit geen verrassing dat die Jode ook daardeur beïnvloed sou word nie – te meer as ekonomiese welvaart ter sprake was soos in die geval van die gemeente in Laodicea (Openbaring 3:17).

Lees mens die Bybelrekord oor Paulus se lewe en werk aandagtig, wys dit dat hy deurgaans sy Joodse kultuur en tradisies behou het, dus geloof in die een God, maar met pertinente beklemtoning van Jesus (van Nasaret) as die geprofeteerde Messias (Christus) en Seun van God wat een is met die Vader. Dit mag dalk op hierdie punt na teenstrydigheid lyk, maar sal in dele wat volg wel duidelikheid vind.

---

*Want al is daar ook sogenaamde gode, of dit in die hemel is en of dit op die aarde is – soos daar baie gode en ander here is – tog is daar vir ons maar een God, die Vader uit wie alles is, en ons tot Hom, en een Here Jesus Christus deur wie alles is, en ons deur Hom (1 Korintiërs 8:5-6).*

---

## DIE GALASIËRS EN ROMEINE

Paulus se briewe aan die Galasiërs en Romeine vorm 'n primêre grondslag van Christenteologie, met Romeine wat soms “die Christendom se handboek van sistematiese teologie” genoem word. Hoewel die brief aan die Romeine sowat 8 jaar na die een aan die Galasiërs geskryf is, is dit belangrik om die twee saam te verstaan aangesien albei aspekte van die ontvangers se identiteit in verhouding tot Israel en Jesus Christus aanspreek. Ek wil egter weer onderstreep dat ons nie enige van Paulus se briewe moet probeer lees asof dit vir 'n breë en algemene groep geskryf is nie. Dit was gerig op spesifieke sake en probleme wat die groep aan wie elkeen geskryf is ondervind het.

**OPMERKING: In die geval van sy brief aan die Kolossense vra Paulus spesifiek dat die brief, wanneer hulle dit gelees het, ook in die gemeente van die Laodicense gelees word. Hulle moet op hul beurt ook 'n brief uit Laodicéa lees (Kolossense 4:16)].**

### Wat die Galasiërs en Romeine betref is twee pertinente benaderingshoeke ter sprake:

- Die Galasiërsbrief (49 n.C.) is aan Godvresende heidene (Engels: Gentiles) gerig wat onder druk van ander persone verkeer het dat hulle alleen deur besnydenis om formeel Jode te word, met die verbonde van Israel kon vereenselwig en dus sou baat by geloofsaanvaarding van die Joodse Christus. **Anders as wat die geval met die gelowiges in Rome was, was hierdie groep Paulus se eie dissipels** (kyk Galasiërs 1:6).
- Die brief aan die Romeine (57 n.C.) is ook aan nie-Joodse volgelingen van Jesus Christus gerig, maar wat dit moeilik gevind het om verhouding te bou met die Jode. **Hulle het oënskynlik as huisgroepe ontstaan deur die werk van Joodse Christusvolgelingen.** Daar was egter in daardie tyd groot weerstand teen Jode in Rome weens politieke onderstroming asook regeringsweerstand teen enige groep godsdienstiges wat mense na hul geloofsgroep probeer oorhaal het (sogenaamde proselietmaking). As gevolg hiervan, asook breër Israel (of dan Jode) se gebrek aan geloof in Jesus as hul Messias, het Paulus in hierdie brief weer gefokus op die belangrikheid van eenheid met Israel ten spyte van hul foute.

Onthou dat “bekering” na Israel se God deur die Romeinse keiser as verraad beskou is. Jode was twee keer vantevore oor hul “aggressiewe sendingbenadering” uit Rome verban – en dit was weer eens so onder Claudius se keiserskap. Rome van Paulus se tyd het geworstel met godsdienstige en kulturele identiteit, en die Jode het dit nie makliker gemaak nie. Diegene onder die Romeine wat Christusvolgeling geword het, is ook beleef dat hulle die Joodse lewenswyse volwaardig aangeneem het. Soos ek reeds in my bespreking van die Jerusalemvergadering genoem het, het Claudius alle Jode in ongeveer 49 n.C. uit Rome verban. Net nie-Joodse lede van die huisgroepe het oorgebly.

As dié twee briewe in isolasie van mekaar bestudeer word en sonder inagneming van die kontekste wat gegeld het, mag dit voorkom asof hulle ernstige teenstrydighede bevat. Hou ook in gedagte dat Paulus die Galasiërs persoonlik geken het, maar skynbaar nie die Romeine nie.

### **Brief aan die Galasiërs**

Die brief aan die Galasiërs word dikwels voorgehou as ’n uiteensetting van Paulus se teologie van Evangelie teenoor die Wet, Vryheid teenoor Slawerny, en Christendom teenoor Judaïsme. Let daarop dat die konsepte van Christendom en Judaïsme as benaming van geloofsgroepe in daardie tyd nog nie bestaan het nie. Dit is ’n fout om te dink dat hierdie brief van Paulus wys dat hy teen besnydenis as sulks gekant was, asook teen die Torah (Wet) en die Joodse leefwyse oor die algemeen. Die resultaat van die Jerusalemvergadering wat ek vroeër bespreek het, verduidelik reeds vir ons hierdie saak. Ek gaan nogtans verderaan weer voorbeelde van besnydenis al dan nie uit die Bybel aandui.

Wat Paulus wel hier gedoen het, was om die kwessie van “verpligte volle bekering na Joodskap” teen te staan. Hy wys hulle daarop dat hul identiteit in Christus gesetel is en nie in Israel nie. Hulle is deur die Heilige Gees se teenwoordigheid aan God en Israel verbind en nie deur formele bekeringsrituele en sosiale aanvaarding nie. Paulus se verwysing na ’n “ander evangelie” is nie na die Wet of Joodse groepering (wat later die naam ‘Judaïsme’ ontwikkel het) nie, maar na ’n lering dat nie-Jode slegs een roete na Israel se God gehad het, naamlik volle bekering na Joodskap.

**Mens kan volgens die Torah (Wet) se bepalings lewe sonder geloof in God as die enige Here.**

In hoofstuk 3 vers 11-12 verduidelik Paulus ’n belangrike beginsel. Dit is geregtigheid wat saak maak en niemand word deur die Torah (Wet) by God geregverdig nie – iets wat net vermag word deur uit die geloof te lewe. Mense kan wel volgens die Torah lewe, maar steeds nie uit die geloof wat in God gevestig is nie. Die Torah vereis gehoorsaamheid aan die verordeninge, maar dit vereis

nie geloof nie. Daarbenewens onderstreep Paulus dan ook dat hierdie geloof in Christus Jesus nou na die nie-Jode (of heidene) toe gekom het en in Hom bekragtig is.

Die Galasiërs se sosiale status dra nie gewig voor God nie en die geestelike gawes wat hulle ontvang het ook niks te doen met Jood of nie-Jood wees nie, met man of vrou nie, en selfs nie met slaaf wees nie. Uit God se belofte aan Abraham en wat in Christus bekragtig is, het hulle kinders en erfgename van God geword (Galasiërs 3). Die Torah (Wet) het die kinders van Israel in bewaring gehou met die oog op die geloof wat in Christus geopenbaar sou word en nou is.

Paulus volg dan met ’n vermaning oor bepaalde gebruike en rituele wat hulle gevolg het. Hoewel hy nie spesifiek so daarna verwys nie, glo ek Paulus het God se teregwyding deur die profeet Jesaja (29:13) en wat herhaal is deur Jesus van Nasaret (Mattheus 15:7-9) teenoor die skrifgeleerdes en Fariseërs van Jerusalem, in gedagte gehad:

---

*<sup>7</sup>Geveinsdes, tereg het Jesaja oor julle geprofeteer toe hy gesê het: <sup>8</sup>Hierdie volk nader my met die lippe, maar hul hart is ver van my af. <sup>9</sup>Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is.*

---

Die apostel bou dan sy boodskap voort met bespreking van die aardse Jerusalem en sy beperkinge teenoor die hemelse (of geestelike) Jerusalem, die moeder van almal, vermaning om die vryheid in Christus te handhaaf, mekaar te dien deur die liefde, die onnodigheid van besnydenis, en werke van die vlees teenoor die vrug van die Heilige Gees. Hy sluit af met vermaninge om die wet van Christus te vervul deur mekaar se laste te dra en in die Gees te saai.

### **Brief aan die Romeine**

Terwyl hierdie brief aan 'n spesifieke groep met spesifieke probleme van Paulus se tyd gerig is, is daar ook vir ons belangrike beginsels ter sprake siende dat ons dikwels gekonfronteer word met groepe (ook Afrikanergroepe) wat hulle graag as “die nuwe Israel” probeer voorhou. Daarmee saam dring sulke groepe ook graag aan op die nakoming van Israel se Torahgebaseerde rituele.

Breedweg beskou spreek Paulus spesifieke teologiese spanning en identiteitswroeginge van daardie tyd aan. Soos vroeër aangedui is die brief omstreeks in die jaar 57 n.C. geskryf. Gedurende die dekade waardeur hulle gekom het, was die Jode vir 'n ruk verban – dus ook die Joodse Christusvolgelingen (byvoorbeeld Aquila en Priscilla, 1 Korinthiërs 16:19). Gegewe die gemengde godsdiensomgewing en afwesigheid van mense wat hulle kon reghelp, is die waarskynlikheid van verwarring nie 'n verrassing nie. In sy brief wys Paulus vir die Romeine daarop dat daar vir Israel, ten spyte van baie Jode se ongelooft, steeds 'n glorieryke toekomst in God gewag het. Dit was eenvoudig die aard van die verbond met Israel.

Paulus doen 'n oproep op beide Jode en nie-Jode om te versoen en die opgestane Christus in eensgesindheid te dien in Rome. Albei groepe het God se reddende genade ewe nodig. Ware geregtigheid wat van God af is, kom deur geloof en berusting in God, nie deur die Torah (of Wet) nie. Die Torah het 'n ander doel en dit is nie teenstrydig met geloof nie.

---

*Wat dan? Het ons enige voorrang? Hoegenaamd nie! Want ons het tevore al Jode sowel as Grieke beskuldig dat hulle almal onder die sonde is (Romeine 3:9).*

*<sup>22</sup>die geregtigheid naamlik van God deur die geloof in Jesus Christus vir almal en oor almal wat glo, want daar is geen onderskeid nie; <sup>23</sup>want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlijkheid van God, <sup>24</sup>en hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is (Romeine 3:22-24).*

*<sup>28</sup>Ons neem dus aan dat die mens geregverdig word deur die geloof sonder die werke van die wet. <sup>29</sup>Of behoort God net aan die Jode, en nie ook aan die heidene nie? Ja, ook aan die heidene, <sup>30</sup>aangesien dit inderdaad een God is wat die besnedenes regverdig uit die geloof en die onbesnedenes deur die geloof. <sup>31</sup>Maak ons dan die wet tot niet deur die geloof? Nee, stellig nie! Inteendeel, ons bevestig die wet (Romeine 3:28-31).*

---

In hoofstuk 9 betreur Paulus Israel se ongelooft, maar verbly hom terselfdertyd oor die nasies se aanvaarding van die goeie nuus. Hierdie twee aspekte vorm saam deel van God se groter plan. Dan vervolg hy in hoofstuk 10 deur geregtigheid wat uit geloof en vertrouwe in God kom, en stel dit teenoor Israel se pogings om dit deur gedissiplineerde gehoorsaamheid aan die Wet te verkry – wat ongelukkig ’n selfgefokusde poging geword het. Israel het wel die Wet, maar redding is vir alle mense beskikbaar. God tref nie hierin ’n verskil tussen Jode en nie-Jode nie:

---

*<sup>11</sup>Want die Skrif sê: Elkeen wat in Hom glo, sal nie beskaam word nie. <sup>12</sup>Want daar is geen onderskeid tussen Jood en Griek nie; dieselfde Here is tog Here van almal en is ryk oor almal wat Hom aanroep. <sup>13</sup>Want: elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word (Romeine 10:11-13).*

---

**So ’n tussenin vragie:** Kan jy sien hoe pertinent Paulus sy Joodse *Shema*-begrip aanwend? “*Hoor, Israel, die Here onse God is ’n enige Here*” (Deuteronomium 6:4). Sou God wat sy reddende genade betref ’n verskil gemaak het tussen Israel en die nasies, sou hy nie as die enige Here voorgelou kon word nie.

In hoofstuk 11 vermaan Paulus die Romeine om mooi na te dink oor hul verhouding met God. Hy gebruik die beeld van die olyfboom se wortels wat die takke ondersteun. Hulle is tussen die natuurlike takke van die olyfboom ingeënt in teenstelling met Israel, wat die natuurlike takke is. Paulus vermaan hulle om te verstaan dat God nie die nie-Jode in die plek van Israel in sy familie ingebring het nie. God se verharding jeens Israel is ten dele en tydelik totdat die volheid van die nasies ingekom het.

Hoofstukke 12-15 beklemtoon die geestelike vrug as die enigste ware aanduiding van geregtigheid wat in God gevestig is. Hy gee opdragte oor sake soos die dien van God en ook mekaar, gehoorsaamheid aan die owerheid, liefde vir hul naaste, reinheid, en verdraagsaamheid teenoor die wat swak is in die geloof. Laastens, soos dit sy gebruik is, sluit Paulus sy brief af met verskeie groetboodskappe en vermanings.

Dit is vir ons belangrik om te verstaan hoe omvattend Paulus die kwessie van die Romeine se identiteit in God en hul verhouding met die Jode aanspreek. Hy maak dit duidelik dat die plek van Israel nie deur ander groepe of nasies voor God ingeneem is nie, maar dat hulle elkeen hul eie identiteit as gelowiges in Christus voor God het.

Om af te sluit haal ek graag twee kernverse aan:

---

*<sup>1</sup>Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as ’n lewende, heilige en aan God welgevallige offer – dit is julle redelike godsdiens. <sup>2</sup>En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwning van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is (Romeine 12:1-2).*

---

Die Griekse woord wat as “wêreld” vertaal is, is *Aion*, wat onder andere ’n era of periode kan beteken. In hierdie geval verwys dit myns insiens na hul spesifieke tydsgewrig en dus die samelewing se karakter. Dis ’n begrip wat nogal goed op die “wêreld” van ons tyd toegepas kan word.

## PAULUS EN DIE KWESSIE VAN BESNYDENIS

Ek het reeds in die bespreking van die Jerusalemvergadering wat Barnabas en Paulus met die leiersgroep gehad het (Handelinge 15), uitgewys dat besnydenis in ooreenstemming met bepalings uit Levitikus nie op nie-Jode afgedwing sou word nie. In sy brief aan die Galasiërs het Paulus beklemtoon dat hulle volle bevryding ontvang het deur hul vertrou en geloof in Jesus as die Messias van Israel. Besnydenis sou onnodiglik die las om alle bepalings van die Torah te onderhou op hulle plaas en die voordeel wat hulle in Christus ontvang het tot niet maak.

In die Grieks-Romeinse wêreldbeskouing is die menslike liggaam as volmaaktheid voorgehou. Dit verklaar waarom soveel antieke skilderye en standbeelde naaktheid uitgebeeld het. Besnydenis is in daardie wêreldbeskouing as skending van die volmaakte gesien en daarom met mening teengestaan. Vir die Grieke en Romeine was besnydenis 'n barbaarse en bygelowige praktyk.

Paulus herhaal teen hierdie agtergrond sy vermaning om te waak teen valse apostels en hul aandrang op die besnydenis in die brief aan die dissipels in Filippi:

---

*<sup>2</sup>Let op die honde; let op die slegte arbeiders; let op die versnyding [katatomē].  
<sup>3</sup>Want óns is die besnydenis [peritomē], ons wat God in die Gees dien en in Christus Jesus roem en nie op die vlees vertrou nie (Filippense 3:2-3).*

---

Paulus speel hier twee begrippe teen mekaar af. Die Griekse woord *katatomē* beteken letterlik afsny, en verwys in hierdie konteks dus na verminking. *Peritomē*, daarenteen, het 'n geestelike betekenis gedra en God se uitverkore Israel vir 'n bepaalde doel van die ander nasies onderskei.

Soortgelyke vermaning teen besnydenis kom ook in Paulus se eerste brief aan die Korintiërs voor. As hulle Joodse afstammeling sou wees moet hulle in hul roeping bly voortgaan. As hulle nie sodanige afstammeling is nie, moet hulle nie na Joodskap bekeer nie, maar die onderwysing van God navolg. Dit is nie vir nie-Jode belangrik om 'n verandering in sosiale status of anatomie te ondergaan nie, maar 'n lewe van geregtigheid ingevolge God se onderwysing. Hul status voor God is belangriker as hul status in die Israelse en selfs breër gemeenskap.

### Timotheüs en Titus

Dis belangrik om te verstaan dat Paulus nie teen die Torah, die Joodse geloof (wat later Judaïsme genoem is) of die Israelse praktyk van besnydenis was nie. Hy het immers persoonlik vir Timotheüs besny (Handelinge 16:1-3). Maar daarteenoor, het hy nie op die besnydenis van Titus aangedring nie. Het ons dus hier met teenstrydige handeling deur Paulus te doen? Die antwoord is: Nee!

Kom ons kyk na twee tersaaklike Skrifgedeeltes:

---

*<sup>1</sup>En hy het op Derbe en Listre aangekom; en daar was 'n dissipel met die naam van Timótheüs, seun van 'n gelowige Joodse vrou, maar van 'n Griekse vader. ...  
<sup>3</sup>Paulus wou hê dat hy saam met hom op reis sou gaan, en hy het hom geneem en besny ter wille van die Jode wat in daardie streke was; want hulle het almal geweet dat sy vader 'n Griek was (Handelinge 16:1-3).*

---

*<sup>2</sup>Maar ek het opgegaan op grond van 'n openbaring en aan hulle die evangelie voorgelê wat ek onder die heidene verkondig; en afsonderlik aan die wat in aansien was, dat ek nie miskien tevergeefs sou loop of geloop het nie. <sup>3</sup>Maar selfs is Titus, wat by my was, nie gedwing om besny te word nie, alhoewel hy 'n Griek is (Galasiërs 2:2-3).*

---

Hierdie twee verskille in benadering is gerig deur wie die twee persone se moeders was. Timótheüs se moeder was Joods en hy moes in ooreenstemming met die tradisie van Joodse identiteitbepaling deur die moeder soos dit toe al ontwikkel het, reeds lank tevore besny gewees het. Dat dit nooit gedoen was nie, kon moontlik te wyte wees aan besware van sy Griekse vader weens dié se verwerping daarvan as verminking. Die tradisionele lering dat Paulus onder druk geplaas was om dit te doen aangesien hy dit nie met Titus gedoen het nie, is dus onwaar. Hul omstandighede het verskil. Dit was vir Paulus die regte ding om in Timótheüs se geval te doen, maar nie met Titus nie, aangesien hy 'n volwaardige Griek was.

### SLOTBESKOUING

Voordat ek verder gaan moet ek onderstreep dat ek geen bedoeling met hierdie artikel het om kontroversieel te probeer wees nie – daar lê nie enige vreugde of rede vir selftevredeheid in nie. My vrae, my studie van die Bybelinhoud en verwante onderwerpe het slegs ten doel om die Bybelse waarheid te ken te midde van die moeras van teologiese en filosofiese teorieë wat deur die eeue heen ontwikkel het en waarmee die Christene vandag gekonfronteer staan. Ek stem saam met Ephraim Currier wat in 1841 geskryf het as dit vir ons belangrik is om die Bybel te hê, dit eweneens belangrik moet wees om die Bybel (reg) te verstaan. Dit sluit noodsaaklikerwys 'n begrip van die Bybelse samelewingstrukture in, asook evaluering van die vrug daarvan. Ongelukkig is kontroversieel wees hier onafwendbaar. Om deur die muur van tradisie te wil breek, so het ek gevind, is so goed soos om deur 'n granietrots te probeer breek. Ek is sekerlik nie alleen in hierdie gewaarwording nie



Met hierdie bespreking besef ek net weer hoe maklik ons weens gebrek aan kennis van die ware konteks in die verkeerde verstaan posisie kan verval. En die verkeerd verstaan kan belangrike impak op ons lewe hier en nou hê. Ek dink byvoorbeeld aan die huidige situasie in Australië waar een van hul beste rugbyspelers van sy multi-jaar en multi-miljoen-dollar kontrak gestroop is weens sy uitspraak dat die hel op 'gays' wag. Terwyl hy daarmee sy grondwetlike vryheid van godsdienst uitoefen, is dit so jammer dat die eeue-oue onbybelse kerkleerstelling van die hel aan die basis van sy groot verlies lê. (Ek gee hieronder 'n koppel na my artikel oor die hel onderwerp binne die bybelse konteks).

Die kulturele en godsdienstige realiteite van Paulus se tyd laat geen twyfel by my oor die invloed van daardie tyd se sinkretisme (godsdienstvermenging) op die ontwikkeling van die grootliks gediversifiseerde institusionele kerkstelsel van die wêreld en sy tradisies. nie Die rekords van kerkgeskiedenis deur die eeue ondersteun beslis so 'n gevolgtrekking wanneer dit teen die Bybelrekord opgeweeg word. **Dit beaam ook sekerlik die groot genade van die Enige Here (Deuteronomium 6:4) jeens die mensdom.**

Of die leser nou saamstem, hetsy in die geheel of net gedeeltelik, of selfs die inhoud en beredenerings in hierdie artikel volledig verwerp (en so ook ander op my webtuiste), sal ek tevrede wees om te weet dat dit oorweeg en getoets is teen die Bybel en konteks van die tydsgewrig en omgewing waarbinne Paulus sy sendbriewe geskryf het.

### BRONNE EN AANBEVELINGS

My hoofstimulering om hierdie relatief kort artikel te skryf was 'n jaar lange (tot dusver) maandelikse bestudering van 'n nuwe module rakende die antieke culture van Bybelse tye, veral die Joodse en Grieks-Romeinse lande, by die Israel Bible Center. Ek was verras deur hul anderse benadering wat grotendeels verskil van die tradisionele Torah-behoudende groepe. Hulle het ooglopend 'n objektiewe en hoë standaard benadering. Ja, ek mag in sommige opsigte van hul aanbieding verskil – in ooreenstemming met my eie benadering om persoonlik verantwoordelikheid te neem vir wat ek aanvaar en glo. Dit neem egter niks weg van hul hoë gehalte inhoud nie. Hul webtuiste kan besoek word by <https://israelbiblecenter.com/>.

Alle Skrifaaanhalings is geneem uit die 1953 hersiene uitgawe van Die Bybel, gepubliseer deur die Bybelgenootskp van Suid-Afrika, Kaapstad.

'n Boek waarna verskeie kere verwys word in die eerste van twee modules oor Paulus se wêreld, is *Paul: The Pagan's Apostle*, deur Paula Fredriksen (Yale University Press, 2017). Dit is in gedrukte en elektroniese formate beskikbaar.

'n Mens moet nooit die antieke werke soos die geskiedenis in weergawes van Josefus en andere ignoreer nie.

My en medestudent en wederhelf Martie se webtuiste kan by [www.hoseaconnection.org](http://www.hoseaconnection.org) besoek word. Verskeie gratis e-boeke en talle artikels kan gratis daar afgelaai word. Ek wil graag die boekie *Sny Die Woord Reguit* as waardevolle hulpmiddel aanbeveel.

In my slotbeskouing van hierdie artikel het ek na die onbybelse doktrine van die hel verwys – my bespreking van hierdie onderwerp kan by die volgende koppel gelees en afgelaai word: <https://www.hoseaconnection.org/docs/Die%20Hel%20%20Eeueoue%20Dwaalleer.pdf>

29 Mei 2019

**Hierdie artikel word opgedra aan ons agterkleinseun Liewan Nel, gebore in 2016, en sy geslag. Ek glo hulle sal die Waarheid ken en die Waarheid sal hulle vry maak.**